dumela

April 2009 - 2

Amptelike nuusblad van die personeel van die UV • Official newsletter of the staff of the UFS

# Prof. Jonathan dankbaar vir vertroue in hom

Ons nuwe rektor en visekanselier, prof. Jonathan Jansen, het aangedui dat hy op 1 Julie 2009 diens aanvaar. Prof. Jansen het op die hoofkampus in Bloemfontein na samesprekings met lede van die Raad gesê dat hy baie nederig staan voor die oorweldigend positiewe ontvangs wat hy na die aankondiging van sy aanstelling vanuit alle oorde op en weg van die kampus af gehad het.










"Ek het soveel telefoonoproepe, e-posse, SMS'e en boodskappe ontvang van mense wat hulle ondersteuning en heelwat raad aanbied, dat dit my baie nederig laat voel. Ek is werklik dankbaar vir die vertroue wat in my gestel word deur soveel mense wat my nog nooit eers ontmoet het nie.

> "Hierdie gulhartigheid en warmte is iets wat my standpunt bevestig dat die Universiteit van die Vrystaat waarlik 'n baie spesiale plek is vir soveel mense, asook 'n plek wat ek geëerd voel om as rektor en visekanselier te dien."

Prof. Jonathan sê dat hy sy eerste paar maande in sy nuwe amp aan 'n luisterveldtog gaan bestee om meer te wete te kom oor die kwellings en vraagstukke in mense se gedagtes, asook aan die inisiatiewe en ontwikkelings aan ons universiteit wat hulle trots maak op ons instelling.

"Hierdie is 'n belangrike stap, want ek wil nie gesien word as die een of ander alweter wat hiernatoe kom en aan mense wil voorskryf wat hulle moet doen nie. Dit is ook 'n belangrike stap om mense aan die gesels te kry en te verenig rondom 'n gemeenskaplike visie vir die akademiese instelling wat die UV is. Dit sal handel oor die tweeledige imperatiewe van rasse versoening en akademiese uitnemendheid.

"Niemand sal uitgesluit word uit hierdie veldtog van luister en leer nie. Ek gaan met sowel mense op die kampus as weg van die kampus af praat, insluitend akademiese personeel, steundienspersoneel, die Qwaqwa-kampus, studente, ouers, alumni, plaaslike sakeondernemings, die godsdienstige gemeenskap en ons sportlui.

"Ek moet ook byvoeg dat ek reeds my Cheetah- en Bloemfontein Celtic-truie gekoop het, hoe moeilik dit ook al vir my was."

Die raadsvergadering van Vrydag 13 Maart 2009 het gestem om die pos van rektor en visekanselier aan prof. Jansen aan te bied, wat hom die eerste swart rektor en visekanselier van hierdie instelling in sy geskiedenis van 105 jaar maak.

Hierdie besluit is deur 'n oorweldigende meerderheid geneem, wat 'n teken is van die UV se verbintenis daartoe om voort te bestaan as 'n universiteit van wêreldgehalte, wat terselfdertyd ook die doelwit van transformasie in belang van die hele universiteitsgemeenskap nastreef.

In sy verklaring van voorneme, wat vroeër as deel van sy aansoek vir die pos ingedien is, het prof. Jansen aangedui dat, indien hy aangestel sou word, hy "uiters geëerd sal wees om een van Suid-Afrika se groot universiteite te lei."

"Die Universiteit van die Vrystaat het vir drie sake 'n internasionale reputasie verwerf: [1] die draaistrategie in terme van finansiële stabiliteit in 'n konteks waar eksterne befondsing onseker was; [2] die navorsingstrategie wat 'n standvastige en indrukwekkende groei in navorsingsuitsette getoon het; en [3] die bestuursbeslistheid na afloop van die Reitz-voorval," sê prof. Jansen.

Wat betref die uitdagings wat die UV in die gesig staar het prof. Jansen in sy verklaring van voorneme gesê: "Die UV moet 'n manier vind om klaskamerlewe te integreer, en terselfdertyd die bevordering van Afrikaans 'n belangrike kulturele skat van die instelling, asook Sotho en ander inheemse tale, te verseker. Dit moet akademiese en administratiewe personeel, werkers, studente, asook die ouergemeenskap saamsnoer rondom 'n dringende visie van transformasie wat in belang van alle lede van die universiteitsgemeenskap moet plaasvind. Dit is om vertroue onder studente en personeel in die missie van die universiteit te herstel."

Prof. Jansen is 'n onlangse Fulbright-beurshouer van die Universiteit van Stanford (2007-2008), 'n voormalige Dekaan van Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria (2001-2007), en die ontvanger van 'n Eredoktorsgraad in Opvoedkunde van die Universiteit van Edinburgh. Hy is 'n voormalige hoërskool Biologie-onderwyser en ondergaan sy voorgraadse opleiding aan die UWK (BSc), sy onderwysopleiding aan UNISA (HOD, BEd), en sy nagraadse opleiding in die VSA (MS, Cornell; PhD, Stanford).

Hy is ook 'n Ereprofessor in Opvoedkunde aan die Universiteit van die Witwatersrand en Besoekende Genoot van die Nasionale Navorsingstigting.

**- Anton Fisher**


FOTO: HANNES PIETERSE



# van die redakteur

Iemand het hier so aan die begin van Februarie genoem dat die eerste maand verby is; ons kan nou begin geskenke koop, want Kersfees is net om die draai. Baie komies, het ek toe gedink, totdat ek besef het dat sodra *Dumela 2* sy verskyning gemaak het ons nie net al Paasfees sou gevier het nie, maar dat ons universiteit daarna totaal anders sal uitsien ...

Ons het 'n nuwe rektor, 'n nuwe leier! Baie geluk prof. Jonathan Jansen en baie welkom in dié pos.

As dinge verander, kan ons kies om soos 'n volstruis ons kop in die grond te steek; as ons nie met besluite saamstem nie. Óf (hoekom is daar altyd 'n "of" of 'n "maar"?) ons kan opstaan, die wêreld vierkantig in die oë kyk, krag en genade van ons Hemelse Vader soek, en vra: "Hoe kan ek help om ons universiteit 'n plek van uitnemendheid, billikheid en innovering te maak?" Die antwoord sal natuurlik altyd vereis dat ek iets van myself moet gee ...

My tyd, my energie, my kreatiwiteit, my omgee. Hiermee wil ek 'n paar van ons kollegas komplimenteer. Prof. Sakkie Pretorius van Plantkunde het saam met 'n navorsingsvennoot Pannar, 'n bekende internasionale saadmaatskappy, gesorg dat konferensiesakke (wat meestal net plek in ons kaste opneem) nou deur 'n hele klas vol Graad 1's – wat voorheen hul boeke in plastieksakke klas toe gedra het – nuttig gebruik word.

Dan is daar Mercia Coetzee van Kommunikasiewetenskappe wat haar biblioteekagtergrond gebruik en saam met haar familie 'n projek aangepak het om te help met die vestiging van 'n biblioteek en die aanbied van leesprogramme by die Bolokanang Jeugsorgsentrum naby die plaasskool Uitkoms. Lees die artikel en kyk hoe jý kan help.

'n Ander merkwaardige vrou is Marita Coetzee. Onder die vaandel van ons universiteit se samelewingsdiensleerprogramme is sy by die Emelia-huis, 'n sorgsentrum vir multi-gestremde kinders, betrokke. Hier stap sy veel verder as die spreekwoordelike myl. Nie net het sy vriendskappe met die personeel opgebou nie, maar het sy haar familie ook by die projek betrokke gekry. Lees gerus meer op bl.12.

En as jy voel dat jy nog nie genoeg gegee het nie, kan jy by Hetsie Veitch van die Eenheid vir Studente met Gestremdhede gaan aanklop vir 'n paar bruikbare riglyne om ons gestremde studente op kampus te help. Net deur ingelig te wees kan ons al 'n verskil maak.

Ek is seker dat ons kollegas nie net 'n goeie bydrae tot daardie gemeenskappe lewer nie, maar dat hulle ons universiteit se naam uitdra en met dankbaarheid en liefde onthou sal word.

En dan vier ons ook vanjaar verjaarsdae. Regswetenskap is 'n hele eeu oud; die Sentrum vir Besigheidsdinamika is vyf jaar oud en die Sentrum vir Ontwikkelingsteun herdenk hul tiende bestaansjaar (sien *edumela*). Baie geluk! Hopelik is daar nog baie jare van gehalte navorsing, onderrig en voortreflike diens aan ons gemeenskap!

Voorspoed vir die tweede helfte van die semester en onthou: jou bydrae maak 'n verskil.

Groete tot later

Leonie

## details

# Save my studies

***Die drie rektorskandidate moes tydens 'n openbare geleentheid optree. Die universiteitsgemeenskap is per SMS na hierdie geleentheid genooi. Een van ons studente en 'n paar kollegas het heeltemal 'n ander interpretasie van die SMS gehad. Erica du Preez van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, vertel ...***

'n Student kom spreek my oor die feit dat sy in haar finale eksamen twee modules gedruip het en dus nie kwalifiseer om te gradueer nie. Volgens haar het sy beide modules net-net nie geslaag nie. Vir die een het sy 45% gekry en die ander een 44%! Sy het die uitslae eers laat ontvang, want daar was 'n uitstaande bedrag op haar klasgeldrekening. Teen daardie tyd was dit te laat om die departement te nader vir 'n hernasien.

Toe sy die uitslag in die pos op haar tuisdorp kry, was sy teen die grond en absoluut verpletter. Sy het twee dae lank net radeloos sit en wroeg, en TOE: ontvang sy 'n SMS wat haar hele dag verhelder ...

Sy vertel my die SMS kom van die rektor af en lui dat drie studente geïdentifiseer is om persoonlik voor die rektor te verskyn. Sy was so verlig, want sy is duidelik een van die drie en sy kan nou haar saak persoonlik voor die rektor gaan stel vir 'n hernasien – of dalk, dink sy, sal die rektor sommer die paar punte vir haar bygee sodat sy haar graad kan kry.

Ek het die SMS op haar selfoon gelees en toe mooi verduidelik dat die SMS se boodskap eintlik gegaan het oor die drie kandidate wat vir 'n openbare optrede geïdentifiseer is met die oog op die vakante rektorspos.

Die student het maar langtand aan my verduideliking gebyt en het toe vir die wis en die onwis ook by die betrokke departement aangedoen om die dosent te spreek. Sy het weer van die SMS vertel. Die dosent het die boodskap op die selfoon gelees en toe aanbeveel dat die student dan maar vir prof. van Schalkwyk moet gaan spreek, want dit lyk inderdaad asof die boodskap van hom af kom ...

Die boodskap van Strategiese Kommunikasie het gelui:

*Three persons identified for public appearance for rector. 16 February 2009: Proff. Nthabileng Ogude, Jonathan Jansen and Herman van Schalkwyk.*

*Dumela* is compiled by the division Strategic Communication at the University of the Free State

**Editor:**
Leonie Bolleurs
051 401 2707 / 0836455853
bolleursl.stg@ufs.ac.za

**Layout and printing**
Xpozure / 051 448 9231

# Noordblok: stiefkind van die Hoofgebou?

***Carel van Wyk, Departement Maatskaplike Werk, skryf:***

Die dosente van die Departement Maatskaplike Werk se kantore is in die Noordblok van die Hoofgebou geleë. Ons is uiters bekommerd oor die toestand van die gebou en deel graag die volgende:

Die Noordblok is vir dekades nie uitgeverf nie en sommige van die dosente het al deur die jare op eie koste hulle kantore opgeknap. Die verf dop van die mure af en op sommige plekke lyk dit asof daar alge op die mure groei. Die deure en die deurkosyne vertoon net so sleg as gevolg van verf wat afskilfer. Verskeie pogings tot inbrake het veroorsaak dat sommige deure nog slegter vertoon.

Die ventilasie in die lokale is swak en word verder vererger deur vensters wat nie kan oopmaak nie. Daar is ook vensters wat nie kan toemaak nie en baie van die blindings werk nie meer nie.

Daar is net een toilet in die Noordblok wat in 'n ruimte wat vroeër 'n pakkamer was, ingerig is. Hierdie toilet word deur mans en dames gedeel. Die naaste toilet vir studente is in die Wesblok, maar om daar te kom, moet hulle om die Suidblok stap. Wanneer hier spesiale kursusse vir persone van buite in die Noordblok aangebied word, is dit 'n groot verleentheid as daar nie behoorlike toiletgeriewe is nie.

Die stoele in die lesingslokale is in 'n swak toestand. Met die verwelkoming van die eerstejaar-maatskaplikewerkstudente is een van hulle ouers se klere beskadig soos dit vasgehaak het aan 'n ou, stukkende stoel. Die installering van nuwe skerms in lesingslokale is ook slordig gedoen. Verskeie gate is geboor en die ou gate is nie eers gevul en weer geverf nie – voorwaar nie 'n goeie advertensie vir die universiteit en ons departement nie.

Die Noordblok word ook tydens die Volksbladkunstefees benut. Dosente vind dit dan onmoontlik om by hulle kantore in te kom. Ons word soms minder positief deur die uitstallers behandel wanneer hulle versoek word om hulle produkte te skuif sodat toegang tot die kantore moontlik is. Tydens klaswisseling is daar soms soveel studente dat dit nie vir dosente maklik is om by hulle kantore in te kom nie.

Besoekers het al opmerkings gemaak oor die swak voorkoms van die gebou en dit dan met die pragtige hoofgebou vergelyk. Dit is vir ons 'n verleentheid om nasionale en internasionale besoekers hier te ontvang.

Ons is vol vertroue dat die Noordblok aandag sal kry nadat daar weereens skrywes in dié verband gerig is.

***Prof. Niel Viljoen, Hoofdirekteur: Bedryf, antwoord:***

"Die Hoofgebou, saam met die Suid- en Noordblok, is aanvanklik as een projek beskou en sou in fases opgegradeer word. Na die voltooiing van die Suidblok en die Hoofgebou is planne oorweeg om die Noordblok vir ander doeleindes as waarvoor dit tans gebruik word, in te rig. Weens ander prioriteite is hierdie planne egter nie meer haalbaar nie en is die opgraderingsprojek geheraktiveer. Ons stem saam dat die huidige toestand van die Noordblok dringend aandag verdien en die opgradering is vir 2009 beplan.

Ander afdelings en departemente wat soortgelyke probleme en navrae het, kan gerus mnr. Nico Janse van Rensburg by x3186 of me. Ria Deysel by x2145 skakel."



Studente staan trappe vol.

[MY VIEW]

# Human Rights for all

**by Dr Choice Makhetha, Acting Dean of Students**

Throughout my time at the University of the Free State, over the broken years since 1996, I have fought for the recognition of the Bill of Rights enshrined within the Constitution of the Republic of South Africa, Act 108 of 1996.

I have come a long way with the conviction to promote a culture based on Human Rights. I first experienced the University of the Free State as a student coming from another university; then as a member of the SRC over two terms of office; next, as a lecturer in the Department of Political Science; and currently as Acting Dean: Student Affairs.

What caught my attention in 1996 was the high level of ignorance and resistance towards the Human Rights agenda; the practices in the residences, the disrespect for fellow human beings and the level of intimidation that ruled the campus. A part of me felt a strong sense of duty to make a difference in the lives of students, particularly first years and staff members who were crippled by fear, and not bold and courageous enough to stand up against bad practices of dominance and pure ill-treatment behind closed doors of residences and offices.



What I can tell you is that apartheid affected people's minds terribly; intelligent and brilliant people find it extremely hard to think and operate "out of the boxes" of bondage, the class system, race, language and their superiority complex.

You find class, race and gender being used to determine privileges, authority, rights, and recognition on campus in a very subtle way. People seem to be judged according to the colour of their skin whether they are worthy of any dignity. Language is used as an identity weapon of rigidity instead of a tool for communication and building bridges for a better, richer society. This superiority complex is a huge challenge for the university community that calls for an intervention on emotional intelligence. The feeling of being superior to others is so strong that people think they are even above the law. I experience a university community that does not take the Constitution of the country as binding. It is as though it is negotiable whether or not to recognise and respect even basic human rights.

**"'n Mens wat goed wil doen, moet met klein dingetjies begin"**

I would like to assume that the message carried through by the Acting Rector at the Official opening of the university on 30 January 2009 unites the entire university community. For the first time the university is bold about its commitment to cultivate a culture based on Human Rights. I hope this commitment will translate into action throughout the university.

Recommendations for us all:

- University documentation (forms with a column for race!) and infrastructure (accessibility for people with disabilities) should start to reflect a new society committed to a culture based on Human Rights;
- Continuous reflection on the self (own behaviour);
- Commitment to self-knowledge and acceptance;
- Smile to the world and dance to its music; don't resist change, as change is inevitable;
- Take responsibility for how we feel each day and do not blame others for it; and
- Treat other people with respect and expect the same in return.

*Smile to the world and dance to its music; don't resist change, as change is inevitable*

# We just keep on making history

from another angle

I am not sure where he was, probably in an office somewhere in Durban, but the first words that Prof. Jonathan Jansen uttered when he heard that the Council of our university had offered him the post of Rector and Vice-Chancellor was, "it would be a great, great privilege to serve the UFS".

That was his response to another truly wonderous moment in the life of our university, a moment that ranks right up there with the introduction of parallel-medium tuition, the appointment of the first black woman as dean of a medical faculty in the country, the pioneering introduction of community service for students, as well as hosting a GMO testing facility which is the only one of its kind in the country, and many, many other milestones.

I'm not sure where you were when you heard the news of Prof. Jonathan's appointment, maybe in a lecture room, at a conference, in your office or in a meeting, but hopefully you too felt a sense of pride in our institution for once again making history. Hopefully you too felt a sense of relief that the uncertainty about the rector's post of the past few months will soon be a thing of the past.

My sense of pride derives from the fact that we have appointed a rector who is acknowledged within the higher education sector as being a valuable and critical voice on matters of education and society. It is the kind of voice that not everyone agrees with (not that they should), but it is the kind of voice that our university should listen to very, very carefully. It's also the kind of voice that our university and others have produced and should continue to produce in greater numbers.

One thing I am sure about is that the new rector will make a huge contribution to our stature and reputation as a place of scholarship, nationally and internationally, to driving the transformation agenda that was approved by the management, Senate and Council, and to changing the negative perceptions that exist out there about the UFS.

For any rector these three areas will be a huge task. But if we want Prof. Jonathan to succeed then we need to be committed to succeeding at these tasks in our areas of responsibility. Without this commitment at all levels of our university, we might as well not have a rector. I'm sure that's not a prospect we would welcome.

Another thing I am sure about is that this particular process of appointment, alongside a few others, was certainly one of the most vibrant and inclusive we have experienced in some time. It's a vibrancy that should permeate all aspects of our university life. Because that's how it should be for an academic institution that wants to continue to make history and be among the leaders in higher education in our country and abroad. **- Anton Fisher**

# 'n Koppie koffie met...

**Prof. Hendrik Swart is onlangs tot Senior Professor bevorder. Spandeer jy tyd saam met hom, kom jy agter dat met sy passie vir sy vakgebied hy hierdie bevordering dubbel en dwars verdien het. Dit is egter nie al wat duidelik word nie. Jy kom agter dat jy te make het met iemand wat in veel meer as net fisika belangstel.**

Prof. Hendrik, 'n oud-Kovsie wat ons universiteit reeds vanaf 1981 sy akademiese tuiste noem, het BSc begin studeer in Fisika en Toegepaste Wiskunde. Nadat hy sy honneursgraad in fisika voltooi het, het hy besef dit is waar sy belangstelling lê. In 1985 het hy sy Meestersgraad in fisika behaal en word as vakkundige beampte aangestel.

Prof. Hendrik beskryf sy besoek aan Amerika in 1995 as nie net een van die hoogtepunte in sy lewe nie, maar ook 'n groot keerpunt. In Amerika het hy prof. Paul Holloway, 'n professor in materiaalwetenskap en ingenieurswese, besoek. "Dit is waar my loopbaan regtig begin het. Ek het baie van my fosfor-idees by hom gekry," sê prof. Hendrik.

"Dit is ook hier waar my navorsingsrigting heeltemal omgeswaai het. Ek het sterk by fosfornavorsing betrokke geraak. Daar is vir my niks lekkerder as om 'n paar chemikalieë bymekaar te gooi en te sien hoe dit na die tyd gloei nie. Buiten dat dit lekker is om mee te speel het fosfor 'n hele paar gebruiksmoontlikhede: Dit word onder meer in die platpaneel-televisieskerms gebruik. Dan kan dit ook in verf en polimere aangewend word om padtekens en sperstrepe in die pad te laat gloei in die nag. Dit werk so: Lig val op die voorwerp wat met fosfor gemeng is, die energie word gestoor en in die aand wanneer dit donker is, gloei dit," sê prof. Hendrik.

Hy werk saam met navorsers van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) en die Universiteit van Zululand aan fosforprojekte waar fosfor saam met polimere gevoeg word. Die projek het egter nie kommersiële gewin ten doel nie, maar eerder nuwe ontwikkelinge en bydraes in akademiese publikasies. Die navorsing word ook met studente gedeel as deel van hul opleiding om hulle vir die buitewêreld voor te berei.

Prof. Hendrik het tydens verlede jaar se Fakulteitsprysuitdeling 'n eretoekenning vir mentorskap ontvang. Een van die studente wat hy mentor, is dr. Martin Ntwaeaborwa. Hy is 'n belowende akademikus aan ons universiteit wie se prestasies hom ver vooruit loop. 'n Ander student wat reeds die leer na sukses klim, is prof. Thembela Hillie, wat by die WNNR se nanosentrum werk. Beide die studente is betrokke by navorsing asook die produksie van nanofosfordeeltjies.

Prof. Hendrik het ook in 2007 die hoogste institusionele telling vir die Institutional Research Development Programme, 'n inisiatief van die Nasionale Navorsingstigting, ontvang.

'n Ander hoogtepunt in prof. Hendrik se loopbaan is die onlangse aankoop van



people

# The sky is the limit for former gardener

Dr Justice Msomi, well-known and respected lecturer of the Qwaqwa Campus, was recently promoted to Senior Lecturer. He joined our university in 2005.

"I am a graduate of the University of Durban Westville, where eventually I was employed as a Physics and Applied Mathematics lecturer in the Science Foundation programme. My work experience also includes teaching at Nkosinathi High School and at the Durban University of Technology. This gave me an opportunity to work with students from previously disadvantaged communities. This is important to me because I also come from a very poor family," he says.

"I had to work as a gardener for about four years to save money in order to return to Grade 9 at high school. I then worked very hard and got a scholarship to register for a BSc degree. I never thought I would have a degree one day; the way up was not easy." Dr Msomi pursued his PhD degree at the University of KwaZulu-Natal under the National Research Foundation's (NRF) scarce skills scholarship. He says Physics is not an easy subject but very interesting. With his PhD in Physics, the sky is the limit.

"My research interest is on magnetism in both bulk and nanosized compounds. I have had an opportunity to present my work at international conferences in Kyoto Japan, Brazil (Iguaçu Falls), USA (Santa Clara) and Europe (Hungary).

"I thank the NRF's Thuthuka programme for funds to make this possible. I am currently preparing research papers to be presented at the international conference on the Application of Mössbauer Effect (ICAME2009) in Austria (Viena) from 19-24 July and an international conference on magnetism (ICM2009) in Karlsruhe Germany from 26-31 July 2009. This gives me an opportunity to meet different people with different cultures. That is what I enjoy most about being a physicist," he says.

Dr Msomi got married to Nobuhle Shange in November 2008 and they have been blessed with a beautiful daughter, Sithokozile Ntombenhle Msomi (six months).

Dr Msomi concludes: "My message to registered students is to make use of this opportunity; others want it, but are not as fortunate as you." **- Jabu Majozi**


PHOTO: JABU MAJOZI

**Dr Justice Msomi.**



die Nano Skandeer Auger spektroskoop en 'n x-straal foto-elektronspektroskoop. Met die instrumente kan ons elemente op nanoskaal waarneem, asook die chemiese samestellings van oppervlaktes van enige voorwerpe. Hierdie instrumente ter waarde van R23 miljoen is met die hulp van prof. Jannie Swarts van die Departement Chemie aangekoop. Hulle sal ook die instrumente gebruik.

Met die aankoop van hierdie instrumente het ons waarde tot die departement toegevoeg. Ons is die enigste laboratorium in Afrika en Europa waar albei hierdie instrumente onder een dak staan.

Die voordele van hierdie instrumente is legio. Ons sal vir die industrie werk kan doen en basiese navorsing sal uitgebrei word. Laasgenoemde sal bydra dat ons departement ook in hoër impakvlak joernale kan publiseer.

Dit is hoe meeste mense prof. Hendrik ken: Ernstige B2-gegradeerde navorser wat elke dag meer wil doen om beter studente te lewer. Delf jy dieper kom jy agter prof. Hendrik het ook 'n ander sy. Een naweek per maand en sommige vakansies boer hy op sy plaas, Eynap, op Griekwastad in die Noordkaap. Alhoewel hy die tyd wat hy saam met sy beeste, bokke en skape spandeer baie geniet, het die plaas tog ook sy uitdagings, soos windpompe wat breek as hy nie daar is nie. 'n Boer maak 'n plan en as die boer boonop 'n fisikus is, maak hy 'n baie goeie plan. "Ek het te veel gesukkel met stukkende windpompe en is nou in die proses om dit met sonpanele en -pompe te vervang," sê prof. Hendrik.

Soos dit 'n goeie akademikus betaam, is sy kantoor van muur tot muur volgepak met akademiese literatuur. Maar, as hy die kantoordeur agter hom toetrek, is dit net 'n boek van die bekende Suid-Afrikaanse evangelis Angus Buchan en natuurlik die *Landbouweekblad* wat jy op die bedkassie langs sy bed sal aantref.

# Speelgoed wat IN DIE DONKER GLOEI

Prof. Hendrik Swart.

FOTO: ANJA AUCAMP

# No small feat for nano science expert

In its pursuit of excellence our university has delivered many quality researchers. One of them is Dr Martin Ntwaeaborwa from the Department of Physics. He was recently chosen by the National Research Foundation (NRF) to be involved in the evaluation process of an aberration-corrected High Resolution Transmission Electron Microscope (HRTEM) for the National Centre of Microscopy to be established at the Nelson Mandela Metropolitan University (NMMU) in Port Elizabeth.

The purpose of the evaluation was to identify a possible supplier that can install, commission, service and maintain the HRTEM at the centre. Three worldwide suppliers of HRTEM, namely FEI, Zeiss and JEOL were identified. Dr Ntwaeaborwa and Prof. Jan Neethling from the NMMU were invited by the suppliers for a demonstration and discussion at MacMaster University (Canada, FEI), the Caesar Centre for Microscopy (Germany, Zeiss) and Shinshu University (Japan, JEOL). The evaluation was followed by a workshop in Pretoria for the evaluation committee, consisting of local and international experts in nano science and nanotechnology, to select the preferred supplier based on technical score cards and presentation to the committee by each of the suppliers.

An aberration-corrected HRTEM is needed in the country as an analytical technique for advanced materials' characterisation for university and industrial research. Although several countries in the world already have aberration-corrected HRTEMs, South Africa will be the first country in Africa to purchase such a microscope, of which the estimated cost is over R50 million. Acquiring the aberration-corrected HRTEM will undoubtedly put South Africa in a better position to compete on an equal footing with developed countries, especially in the field of nano science and nanotechnology.




**Prof. Morinobu Endo, Shinshu University-Japan, Prof. Angus Kirkland, Oxford University in the United Kingdom, Dr Martin and Prof. Jan.**

# Spread the word

Our university was recently visited by several print and electronic media. Carien Kruger, Senior Journalist from Rapport, covered a story about the appointment of our new rector and the progress with residence integration. SABC TV did a news insert on Zackie Achmat's visit to the Main Campus as part of Human Rights Month. He is a South African activist, most widely known as founder and Chairperson of the Treatment Action Campaign (TAC). Our new rector also received quite a lot of attention from the media during the media conference that was arranged to announce his appointment.

**1. The media conference where Prof. Jonathan Jansen's appointment as our new Rector was announced.**
**2. Carien Kruger, Rapport and Lacea Loader, Assistant Director: Media Liaison in the Division: Strategic Communication**
**3. Zackie Achmat, founder of TAC**






## *Did you know ...*

**The first incorporation of another campus by our university took place when the former Qwaqwa Campus of the University of the North was incorporated into the University of the Free State in January 2003. This was followed by the incorporation of the Vista Bloemfontein Campus into our university in January 2004.**

## Korreksie

In die artikel: "Musiek ontvang groot geskenk" wat op bl. 9 in die vorige uitgawe van Dumela verskyn het, word na die dame op die foto as Daphné Roode verwys. Die dame is nie Daphné Roode nie, maar wel Trudie Roode, prof. Roode se eerste eggenote.

# A billion years ago ...

As part of the Charles Darwin lecture series that is presented at our university this year in celebration of Darwin Year, Prof. Marian Tredoux presented a lecture on "The origin of our solar system". Mr Johan Loock also spoke about "The geological evolution of our planet: the first billion years". Prof. Marian and Johan are both from the Department of Geology.

Our university is celebrating Darwin Year with a comprehensive programme in which many of our departments will take part. The programme is spearheaded by the Faculty of Natural and Agricultural Sciences, in cooperation with the National Museum.




FOTO: HANNES PIETERSE

Prof. Marian Tredoux.

SPESIALISEER IN KORTTERMYNVERSEKERING
SPECIALISING IN SHORT-TERM INSURANCE

Mooirivier
Makelaars /Brokers

Kontak ons by/ Contact us at Tel: (051) 447 6877
Faks / Fax: (051) 447 5758 of
e-pos / e-mail: mmbloem@mweb.co.za

*Puik dienslewering deur persoonlike kontak, effektiewe eisebestuur en risiko beperking, wat lei tot lae premies en u gemoedsrus te bied.*

*Excellent service delivery through personal contact, effective claims and risk management, which results in lower premiums to give you peace of mind.*

Hollard
SELECT BROKERS

# Dr. Dawid bedien agter tralies

Maak jy die koerant oop sien jy "misdaad", luister jy na die radio hoor jy "misdaad", kyk jy na die nuus op televisie, sien jy "misdaad". Vir dr. Dawid Kuyler, dosent aan die Departement Praktiese Teologie aan ons universiteit, het misdaad egter 'n ander dimensie as vir jou en my. Hy glo in plaas van om daaroor te kla, ons eerder iets daaraan moet doen.

Dr. Dawid is by regte om so 'n stelling te maak, want hy spandeer sy dae in die teenwoordigheid van wetsoortreders by die Mangaung Korrektiewe Sentrum waar hy as kapelaan aangestel is. "Om met wetsoortreders te werk is vir my 'n roeping. Aanvanklik het dit as 'n deeltydse werk begin, maar sedert 1994 is ek voltyds daarby betrokke," sê hy.

Dr. Dawid is ook op ander maniere by die gemeenskap betrokke. "Ek bied deeltyds 'n module in wetsoortredersorg en misdaadslagoffers by die universiteit aan, maar eintlik werk ek eerste vir God wat my tot Sy diens geroep het. Verder leef ek my roeping in die kerk uit as medeleraar by die Verenigde Gereformeerde kerk Heidedal-Suid."

Dr. Dawid het dit wat later 'n groot deel van sy lewe sou uitmaak as Matie in die gange en tussen die mure van die Universiteit van Stellenbosch (US) ontdek. Vroeg in die jare tagtig het hy teologie aan die US studeer. Een van die kursusse waaraan aandag gegee is, was wetsoortredersorg. Hierdie kursus het hom bewus gemaak dat hy 'n verantwoordelikheid teenoor wetsoortreders het.

Sy werk in die gevangenis maak hom ook seker die beste kandidaat om die module oor wetsoortredersorg en misdaadslagoffers aan te bied. "My ervaring binne die gevangeniskonteks en kennis van die regsisteem en gevangeniskonteks het my gehelp om 'n module op te stel. Vanuit my ervaringsveld kan ek studente help om die wêreld van die wetsoortreder te betree en te verstaan en aktief betrokke te raak in die stryd teen misdaad. Ons probeer ook 'n multidissiplinêre spanbenadering deurgee. Mense in ander professies soos maatskaplike werkers, sielkundiges en onderwysers kan hulle ook vir die kursus inskryf."

Die module vorm deel van die MA / MTh in pastorale terapie, wat in die Departement Praktiese Teologie gehuisves word. Hierdie program is uniek deurdat dit die enigste in die land is wat op meestersvlak aangebied word.

"Die module het 'n goeie teoretiese grondslag wat gekoppel word aan praktiese leerervaring. Studente moet 'n minimum van tien gevangenes sien. Vir die meeste is dit die eerste keer dat hulle aan mense blootgestel word waaroor hulle slegs in die koerant lees. "Ons gee die studente 'n potpourri van gevangenes om mee te werk, insluitende een nuwe gevangene, een ou gevangene, 'n moordenaar, 'n verkragter, 'n ekonomiese misdadiger en 'n reeksmoordenaar/verkragter. 'n Pedofiel en 'n verkragtingslagoffer wat klasse oor seksuele misdaad aanbied, dra ook by tot die blootstelling van studente aan die harde werklikheid.

"Met hierdie kursus raak die meeste studente minder veroordelend en het hulle meer begrip omdat hulle besef dit is ménse wat die misdade gepleeg het, sê dr. Dawid.

"In hierdie kursus wil ons studente nie net bemagtig om mense wat misdaad gepleeg het pastoraal te begelei nie, maar ook die slagoffers van misdaad. Baie wetsoortreders is ook slagoffers wat nooit hulp gekry het nie. Die deel van die kursus wat op slagoffers fokus, is baie belangrik sodat studente balans kan behou in die pastoraat. Dit kan maklik gebeur dat studente vanweë hul betrokkenheid by wetsoortreders so verwikkel raak dat hulle perspektief kan verloor. In ons land beleef slagoffers dat hul stemme nie gehoor word nie en worstel hulle om die onreg wat hulle aangedoen is te verwerk.

"In die kursus wil ek studente leer om 'n oor en 'n hart vir wetsoortreders en slagoffers te ontwikkel. Die begeleiding van slagoffers en wetsoortreders wat mekaar wil ontmoet vir versoening is dus ook deel van die kursus," sê dr. Dawid.

Al vind die meeste van sy werk agter tralies plaas, geniet hy sy werk. Beide dr. Dawid die dosent en dr. Dawid die kapelaan getuig die werk het 'n positiewe kant. "Om te sien hoe die persepsies van studente in die program verander, asook die verandering in die lewe van wetsoortreders en slagoffers as hulle pastoraal begelei word, is maar twee van die hoogtepunte wat ek in my loopbaan ervaar.

"Dit is 'n geweldige voorreg om in die posisie te wees waar ek iets positief in terme van misdaad kan doen, eerder as om daaroor te kla," sê hy.

Sy raad aan ons aan die anderkant van die tralies .... "Leef voluit en benut alle geleenthede wat jy kry om 'n positiewe invloed op ander se lewens te kan uitoefen," sê hierdie wyse man, wat uit ondervinding praat.

**- Leonie Bolleurs**



FOTO: HANNES PIETERSE

**Dr. Dawid Kuyler.**

# Dienswerkers bestuur hul finansies



Ons universiteit strewe na gehalte en uitnemendheid, gelewer deur 'n voortreflike personeelkorps. Om 'n kwaliteitdiens te kan lewer moet hierdie personeelkorps, wat nie net die akademie nie, maar ook die ondersteuningsfunksies insluit, gesond wees. Só is dit dan ook die strewe van die Welstandskomitee op kampus dat alle personeel verantwoordelikheid aanvaar vir hul gesondheid en dus 'n balans handhaaf in al die fasette van hul menswees.'n Groep dienswerkers het onlangs hul sertifikate ontvang vir die bywoning van 'n reeks kursusse oor finansiële beplanning. Hierdie inisiatief van die Welstandskantoor in samewerking met Capitec Bank het ten doel gehad om denke rondom finansiële beplanning te stimuleer.

"Dit het onder ons aandag gekom dat 'n groot groep van ons dienswerkers onder finansiële druk verkeer. Baie is vasgeknoop in die sogenaamde "cash loan"-web en moet meer en meer geld leen om kop bo water te probeer hou. 'n Groot aantal dienswerkers is nie bewus van die implikasies van so 'n lening nie en hoe dit hulle uiteindelik finansieel sal wurg nie. Baie werkers neem in der waarheid teen die einde van die maand bitter min van hulle salarisse in kontant huis toe," sê dr. Annette Prins, Hoof van die Welstandskantoor op kampus.

Die Welstandskomitee het 'n reeks kursusse oor finansiële beplanning vir dienswerkers aangebied in 'n poging om te probeer help dat finansiële beplanning oorweeg word. Die inligtingsessies het onderwerpe soos "Needs and wants"; My begroting; Hoe om skuld beter te hanteer; asook verskillende leningsopsies gedek. Prof. Dave Lubbe van die Sentrum vir Rekeningkunde en Ishmael Seshupo, Menslike Hulpbronne, het die sessie "Needs and wants" aangebied. Later vanjaar sal Liezel Kotze en Agnes Ntiso van die Departement Ondernemingsbestuur 'n kursus oor finansiële bestuur en entrepeneurskap vir dienswerkers aanbied. "Ek hoop dat hierdie tipe diens op die langer termyn 'n verskil sal maak in ons dienswerkers se lewens," sê dr. Annette.

**Maria Mogopodi ontvang haar sertifikaat vir die bywoning van 'n kursus oor finansiële beplanning.**




# All in a state of expectation


*What should be the priorities of the new rector? Leonie Bolleurs asked a few colleagues to give their thoughts …*



## Joseph Smiles

Lecturer in the Department of Political Sciences, writes:


Our new rector should be a multi-skilled and talented person with visionary leadership abilities. The academic competence of the rector should not be the dominant factor of appointment. The rector must manage the process of transformation effectively at our university. We do not want to see another bureaucrat, but someone willing to create opportunities. It is sad that our university with a student population of 60% blacks and 40% whites has not yet transformed to the required level as expected. At this stage students and staff members want to see change at all levels of the institution.



## Magda Victor

Hoofbeampte Menslike Hulpbronne, skryf:

Ek verwag van die rektor om te alle tye waardig en onberispelik op te tree. Aangesien die UV in spanverband werk, word verwag dat met besluitneming, ander se opinie ook in ag geneem moet word. Ek sou graag wou sien dat die rektor ernstige stappe moet neem om transformasie op die kampus en veral die UV-topbestuur te bevorder. Laastens verwag ek van die rektor om toe te sien dat 'n hoë standaard van onderrig en navorsing gehandhaaf sal word.



## Anna Kemp

Sekretaresse in die Afdeling: Akademiese Studentedienste, skryf:

Die rektor se eerste prioriteit behoort te wees om ons universiteit 'n universiteit van uitnemendheid te maak ten opsigte van navorsing en administrasie. Om dit te kan bereik moet hy die personeel ken, belangstel in sy personeel, sigbaar en beskikbaar wees vir sy personeel, 'n oor hê vir die studente en personeel, strewe na rasse- en taalharmonie, die UV se beeld na buite te alle tye bevorder en 'n atmosfeer skep waarbinne elke individu tot sy reg kom. Hy moet ook 'n mens-mens en te alle tye 'n belydende Christen wees.



## Pule Mothabeng

Hoofbeampte, Posdienste en Dokumentasie, skryf:

Die persoon moet ons universiteit nasionaal en internasionaal posisioneer deur goeie visie en leierskap, met die klem op gesamentlike probleem-identifisering en die oplossing daarvan. Deelnemende beplanning, implementering daarvan en ontwikkeling van langtermyndoelwitte is ook belangrik.



## Prof. Monnapula-Mapesela 'Mabokang

Associate Professor Researcher from the Centre for Higher Education Studies and Development, writes:

In my opinion transformation still stands out as a priority at this university. Remarkable changes are evident with regard to structures, areas, processes and procedures in teaching/learning, research and service. Nonetheless, in many instances these are superficial and not necessarily deep, fundamental and far-reaching changes. We are in dire need of change which should equally respect the integrity of all the main stakeholders of the institution. The new rector must be willing and prepared to make bold and tough choices/decisions in dealing with among other things, attitudes of resistance which are the main stumbling blocks to genuine transformation.

**Accommodation Cape Town**

Student accommodation Observatory

FIVE STAR budget accommodation

Ideal for large/small GROUPS

Conveniently situated close to UCT and all that Cape Town offers

Holiday Accommodation

RATE: From **R125** per person sharing

Phone: 021 447 9056

Fax: 021 447 5192

E-mail: info@riverview.co.za

Website: www.riverview.co.za

Visit our website or contact us for additional information.

## Exciting academic future with Thailand university ahead

Extending its international leadership role, our university's Higher Education Studies and Research Division of the Centre for Higher Education Studies and Development (CHESD) hosted an academic delegation from Thailand. The Dean and Associate Deans of the Faculty of Accountancy and Management at the Mahasarakam University visited our university to discuss areas of cooperation and exchange and to sign a letter of intent between the two universities supporting the formalisation process. This follows a successful post-doctoral study by one of their colleagues, Dr Ubonwan Rawd-iam, at our university. Dr Rawd-iam was engaged in an interdisciplinary study in Higher Education Studies and Economic and Management Sciences. She is also an Associate Dean at the Faculty of Accountancy and Management at the Mahasarakam University.

## Fulbright maak sy geleenthede bekend

Ons universiteit handhaaf 'n norm van nie-middelmatigheid as dit by geleerdheid kom. Personeel en studente het onlangs die geleentheid gekry om hul vordering van goed na uitmuntend te verander toe hul deur mnr. Mareka Chabedi, Fulbright-programbestuurder by die VSA-ambassade in Suid-Afrika, toegespreek is. Hy het eerstehandse inligting verskaf oor geleenthede wat deur Fulbright-befondsingsprogramme gebied word. Studente – voorgraads en nagraads – asook akademici kan deur die Fulbright-program befondsing ontvang om onder meer in die VSA te studeer, navorsing te doen, of tyd te bestee aan onderrig, lesings en gemeenskapsbetrokkenheid. Fulbright ondersteun ook ons universiteit met betrekking tot die daarstelling van die Internasionale Instituut vir Diversiteit.
**– Mangaliso Radebe**

## Prof. Gert dien weer op COHASA-raad

Ons universiteit vereenselwig homself met kwaliteitstandaarde en gehalte. Prof. Gert van Zyl, Hoof van die Skool vir Geneeskunde aan ons universiteit, se onlangse verkiesing tot die Raad van COHSASA (Raad van Gesondheidsorg-Akkreditasie in Suid-Afrika) vir 'n vyfde agtereenvolgende driejaartermyn, spreek as bewys hiervan. COHSASA bestaan uit kundiges in die gesondheidsbedryf, verteenwoordigers van die pasiënte, verbruikers en van gesondheidsorginstansies in plaaslike owerhede. Dit help 'n verskeidenheid van gesondheidsorgfasiliteite om aan kwaliteitstandaarde te voldoen en om dit in stand te hou. Prof. Van Zyl sê die Raad is die enigste van sy soort in Suid-Afrika wat ook internasionale erkenning geniet en beide privaat- en openbare hospitale akkrediteer vir gehalte en standaarde. Hierdie werksaamhede sluit ook die evaluering van veilige pasiëntsorg en praktyke in. "Om op die raad te dien beteken vir die fakulteit dat 'n senior akademiese lid erkenning kry vir kennis, status en vaardigheid op die gebied van gehalteversekering in gesondheidsorg. Dit verleen ook internasionaal status aan die fakulteit vir hierdie kundigheid," sê prof. Van Zyl. **– Leatitia Pienaar**

## Ons manne kuier saam

Finansiële volhoubaarheid is die hoeksteen van ons universiteit. Ons manlike kollegas het egter ook onlangs die geleentheid gehad om hul eie finansiële posisie te besin tydens 'n manne-ontbyt wat deur die Welstandskomitee gereël is. Mnr. Herb Lewis, geakkrediteer as 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, het 'n baie insiggewende aanbieding gelewer oor "Hoe om die prestasie van u beleggings te optimaliseer, in goeie sowel as slegte tye". Dr. Annette Prins, Hoof van die Welstandskantoor op kampus, sê dat dit die heel eerste manne-ontbyt is wat deur Personeelwelstand aangebied word. 'n Tweede ontbyt word vir later vanjaar beplan.

## Post-graduate studies change communities

Reverend Rose Malowa from the Reformed Church in Zambia will be the first woman to receive a Master's Degree in Theology at our university. She completed her undergraduate studies at the Justo Mwale Theological University College in Zambia. Rose, a student of Prof. Rian Venter, Head of the Department of Old Testament at our university, is planning to complete her studies this year, whereafter she will return to her congregation in Kabwe, Central Zambia. Rose strongly believes that by God's grace people's lives can be transformed through the ministry of His faithful servants. She often rides 22 km's with her bicycle to visit congregation members. "My postgraduate studies in Theology have enriched my ministry and in this way has made a difference in my community," Rose testified.
**- Lyzette Hoffman**

# 'n Leerskool van 'n ander aard

Die jaar van die os val saam met haar vuurdoop in die tradisies van die mense van Maleisië. Vir menigte Suid-Afrikaners kan die vreemde kos, gevaarlike verkeer en interessante toilette (om die minste te sê) 'n kultuurskok wees. Maar Marlé Scott, 'n oud-Kovsie, vertel meer van hoe sy die vreemde aandurf.

Ek is 'n gebore Bloemfonteiner en het, nadat ek vir vier jaar aan die destydse Bloemfonteinse Onderwyskollege by Kovsies studeer het, as 'n onderwyser by die Primêre Skool Fauna begin werk. 'n Wonderlike geleentheid het my pad gekruis en ek bevind myself nou in Johor Bahru, Maleisië, by 'n klein Christen-privaatskooltjie, Cornerstone Centre for Excellence in Malaysia (CCEM). Tans is hier 60 leerlinge, 'n skoolhoof en sewe personeellede. Ons klassies is baie klein in vergelyking met waaraan 'n mens in Bloemfontein gewoond is.

Met my aankoms in Johor Bahru het ek by Suid-Afrikaners, Derik en Thersia Liebenberg, gebly totdat my huismaat, ook van Bloemfontein, gearriveer het. Ek en Sue Yeowart, wat reeds 18 maande by die skool in Johor Bahru betrokke is, deel die "condo" met 'n meisie van Singapoer, Keziah Khoo, wat vir 'n paar weke by die skool aflos.

Dis maar baie anders hier!! Oral sien jy die skoene by die deure uitgeskop. In die begin het ek soms vergeet, maar nou na amper twee maande is dit 'n leefstyl. Met die baie vuil strate, geboue en kleedkamers skop jy met graagte jou skoene uit voordat jy by jou eie huis ingaan! Ook is die Oosterse toilette 'n groot aanpassing. Dis soos 'n gat in die grond, mooi geteël en en afgewerk, met 'n kort tuinslang aan die regterkant om die nodige mee te doen. Nooit sal ek weer sonder sneesdoekies wees nie! Jy kry ook die gewone Westerse toilette waaraan ons gewoond is, maar hulle is nie oral nie.

Waardeer julle messe in Suid-Afrika! Hier kry jy gewoonlik 'n lepel en 'n vurk of 'n lepel en "chop sticks" om mee te eet. Ek het nou die aand weereens 'n vuurdoop gehad met die "chop sticks". En dan praat ons nie eens van al die interessante voorbereide kosse nie! Die mense is oor die algemeen baie gasvry en vriendelik. Martin, 'n ouer van die skool, het my een aand allerhande disse ingeskep en my geleer om van dit in blaarslaai toe te vou en dit met die hand te eet. Wees maar versigtig vir die souse – die speserye kan jou asem behoorlik wegslaan en dan vergryp jy jou aan die water (wat nie regtig verligting bring nie; 'n beter opsie is melk). Rys is hul stapelvoedsel – "morning, noon and night"!

Hier is Ice-Milo baie gewild: Dis Milo met kondensmelk en ys. En om weg te neem ontvang jy jou drankie in 'n plastieksakkie, toegebind met 'n strooitjie en 'n toutjie. My gunsteling- warm drankie is definitief Teh-Tarik. Dit is 'n besonderse tee wat op 'n spesiale tegniek voorberei word todat genoeg skuim gevorm is.

Die vrugte is "WOW"! Ek het nou die dag by Pasar Malam, 'n aandmark, 'n klompie vrugte gekry, onder andere die "honey jack fruit", "mangostin" (die "Queen Fruit" van Maleisië) en die "starfruit". 'n Chinese man het vir my 'n stuk "durian" (die "King Fruit" van Maleisië) gegee om te proe, en die mense raak baie opgewonde wanneer jy hierdie vrug eet. Die groot ronde vrug met 'n stekelrige harde dop word oopgebreek, en binne-in is die vruggies met sy vleisies rondom 'n pit gevorm. Die vrug het 'n rare reuk, en 'n baie ongewone smaak – dit proe amper soos wat dit ruik. Deur dit te eet het ek volgens my skoolhoof die toets van alle toetse geslaag. Dit is werklik 'n besonderse vrug. En nou lek ek letterlik my vingers af na 'n sappige "durian"!

Buiten die interessante kos en drinkgoed is die verkeer ook iets om aan gewoond te raak. Dit is vreeslik op sekere tye van die dag. Motorfietse is hier baie gewild; hulle is in hul miljoene op die paaie. Een, twee, drie, vier persone is geen probleem nie. Verkeersreëls word hier so 'n bietjie aangepas: Onder andere wanneer jy van baan wil verander, skakel jy die flikkerlig aan, knyp jou oë toe en verwissel van baan! Ons ry nou al net soos die "locals"! Hulle sê mos, "in Malaysia, you CAN"!

En in Maleisië kán hulle feesvier. Hier word elke jaar 'n fees met die tema van 'n dier gevier. Hierdie jaar is dit "The year of the Ox". Plakkate is in hul duisende oral opgeplak, met rooi bulle en liggies en groot ronde rooi en goue balle wat die winkelsentrums en strate versier.

Die oorgrote meerderheid mense in Maleisië is Moslems. Die Moslem-vroue dra gewoonlik 'n burka ('n serpie om die kop en nek), terwyl meer tradisioneel geklee is, toe van kop tot tone in swart, met net 'n skrefie oop waardeur die oë kan kyk. Ons het 'n paartjie aanskou waar die vrou met haar burka in Palau Langkawi die seewater aangedurf het met 'n JetSki!

Daar is veel meer wat ek kan deel en vertel. Hierdie tyd in Maleisië is 'n geleentheid wat homself net een keer in 'n mens se lewe voordoen. Wat 'n wonderlike voorreg vir my om deel te wees van so 'n baie anderse kultuur! Dit het my visie verbreed, my hart oopgemaak, en ek kyk met ander oë na die wêreld.

**- Marlé Scott**



1



2



3



4



5

**1. Marlé Scott**

**2. Marlé het gereeld vrugte en groente by Pasar Malam, 'n aandmark gekoop.**

**3. Een van vele Hindu-tempels.**

**4. Liggies, groot ronde rooi en goue balle en plakkate met rooi bulle, versier winkelsentrums en strate as aanduiding dat die Jaar van die Os gevier word.**

**5. Teh-Tarik'. Die tee word deur die Maleier gemeng om genoeg skuim te vorm.**

FOTOS: MARLÉ SCOTT








Regter Lex Mpati, President van die Hoogste Hof van Appèl, mnr. Enver Surty, Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling, Regter Hendrik Musi, Regter-President van die Hooggeregshof van die Vrystaat, en prof. Johan Henning, Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid.









# Regsopleiding vier **100** jaar

Die Fakulteit Regsgeleerdheid vier vanjaar 100 jaar van die beoefening van regswetenskap onder die tema “Iurisprudentia 100“. Hierdie mylpaal in die geskiedenis van regswetenskap aan ons universiteit is nie net die gevolg van gehalte-onderrig oor die jare heen nie, maar getuig ook van die fakulteit se verbintenis om goed toegeruste en gebalanseerde regslui aan die professie te lewer.

Die Minister van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling, mnr. Enver Surty, het die fakulteit vir hierdie prestasie geprys. Tydens die bekendstelling van die fakulteit se viering van 'n eeu van uitnemendheid in regsopvoeding, -opleiding en -navorsing aan ons universiteit het mnr. Surty gesê: “Die fakulteit het regdeur sy bestaan bewys dat hy die vermoë en kapasiteit het om welbekende regskundiges, regspraktisyns, akademici, regters, politici ens. op te lewer. Die universiteit kan trots wees op die feit dat hy as 'n instelling so goed gedoen het.”

Iurisprudentia
1909 - 2009
UV • UFS



FOTOS: STEPHEN COLLET
OU FOTOS: VERSKAF



**Voor: Regter J.J.F. Hefer (voormalige Waarnemende Hoofregter van die Republiek van Suid-Afrika en Buitengewone Hoogleraar in Privaatreg), Sy Edele Regter L. Mpati (President van die Hoogste Hof van Appèl) en Sy Edele Regter L.T.C. Harms (Adjunkpresident van die Hoogste Hof van Appèl en Buitengewone Hoogleraar in Handelsreg); agter: prof. Johan Henning, Dekaan van die Regsfakulteit, Sy Edele Regter A. Kruger (Regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika en Buitengewone Hoogleraar in Romeinse Reg, Regsgeskiedenis en Regsvergelyking), Sy Edele Regter I.G. Farlam (Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika en Buitengewone Hoogleraar in Romeinse Reg, Regsgeskiedenis en Regsvergelyking), Sy Edele Regter S.P.B. Hancke (Regter van die Hoë Hof van Suid-Afrika, Buitengewone Hoogleraar in Kriminele en Mediese Reg en Voorsitter van die Raad van die UV) en Sy Edele Regter F.D.J. Brand (Regter van die Hoogste Hof van Appèl en Buitengewone Hoogleraar in Privaatreg.**

# A learning path for working adults

In the short space of five years, our Centre for Business Dynamics has grown in stature to such an extent that it is currently offering leadership development programmes at 45 institutions all over the country, making higher education available to working adults.

Speaking at the fifth anniversary of the centre's establishment, its Director, Danie Jacobs, said the centre was the first commercial unit in South Africa attached to a business school to establish a desk focusing on Black Economic Empowerment (BEE) and Transformation in association with Empowerdex. The main purpose of this joint venture with Empowerdex is to deliver comprehensive BEE training through the development and presentation of various programmes.

The centre has also introduced the High-Performing Directors' Programme in association with ABSA. A total of about 40 students have enrolled for this programme so far, and their numbers fluctuate every year.

In conjunction with Thinking Fusion, Programmes in Creating Leadership and Personal Capacity in Women and Leadership in the Connection Economy were introduced to prepare women for full participation as managers and leaders in transforming organisations.

"Because of our country's history not all people are on an equal footing when it comes to prior learning, so we level the playing field by breaking the training up into easily absorbable components. The centre can address the training needs of any company because of the multiple resources that we are fortunate enough to have at our fingertips," Danie said.

The centre also offers a Postgraduate Diploma in Tax Strategy and Management, aimed at bringing all parties involved in the field of taxation up to date with the latest developments and changes. In addition, the centre has introduced The Choice and The Choice at Work Programme in association with the Arbinger Institute in the United States of America. There are also two management programmes, namely the Management Preparation Programme and the Management Development Programme.

Apart from these programmes, the centre also offers products and services such as short courses, workshops and consultations.

Over the past five years the centre has established relationships with various clients, both in the private and public sector. "I believe the success of the centre lies within our methodology of action learning, as well as creating a learning path for working adults," Danie concluded. **- Mangaliso Radebe**



PHOTO: MANGALISO RADEBE

**Maquida du Preez, MDP Programme Manager, Eliche Lorandi, Marketing Executive, Theo Potgieter, BEE and Transformation Manager, Marie Griebenouw, Programme Manager, and Danie Jacobs, Head: Centre for Business Dynamics.**



# Lights, camera, action!



Sarelda Rossouw, Elna Doman, Prof Anton Otto and Rona du Toit.

A Siemens Symbia camera was recently installed in the Universitas Hospital's Department of Nuclear Medicine. Not only does this new camera reflect the university's stive towards excellence in the health environment, it also represents some of the most advanced technology in the scientific field today. The Siemens Symbia camera is the first in an academic institution; there is only one other similar system in South Africa.

It is necessary that one knows what nuclear medicine is to understand the application of this apparatus. Prof. Anton Otto, Head of the Department of Nuclear Medicine, explains: ''Nuclear medicine is the medical application of radioactivity to diagnose and monitor a disease. The therapeutic aspects of nuclear medicine are limited to a few procedures where unsealed radioactivity is used to treat diseases. Thus, it is important to recognise that nuclear medicine represents mainly a diagnostic modality.

"The radioactive element is bound to a carrier and usually administered intravenously or orally. It then localises in a specific organ in the living body and emits non-visible gamma rays (like X-rays) to be detected on the outside by a gamma camera. Thus, functional imaging becomes possible, i.e. the image not only reflects structural anatomical detail alone, but also organ function such as blood flow, movement and metabolism."

The Siemens Symbia camera, a single photon (gamma ray) detecting camera system that is integrated with a computed tomography (X-ray) system, has many advantages. One of the greatest advantages of this camera is the speed with which integrated studies can be performed. The scintigraphic quality is excellent and can be further enhanced by attenuation correction when combined with CT imaging. The latter helps to localise pathology or lesions more accurately.

The camera can also study a wide variety of disease in all the organ systems of the body, amongst others the brain, heart, lungs, kidneys, liver, spleen, GIT, skeleton and aspects of the haemotological system. It is also the best practical modality in modern medicine to integrate anatomy and physiology.

"It is thus clear that it will bring tremendous relief to the existing systems and increase service delivery significantly," Prof. Anton concluded. **- Sandra Gouws**



PHOTO: MANGALISO RADEBE

**Moses Masitha, Siphe Ntsaluba, Unarine Muthambi and Mhlanganisi Madlongolwana.**

# Hail the African kings!

A debating team from our university is on cloud nine after being crowned the best on the continent during the Pan-African Universities Debating Championships (PAUDC) held at the University of Botswana.

The two-member team of Moses Masitha and Mhlanganisi Madlongolwana beat 23 teams from nine other African countries on their way to continental glory. The UFS was up against teams from Namibia and Lesotho in the final round after harrowing knockout rounds.

The topic for the final was: This house believes that Africa should seek international military help to solve her most dire conflicts.

"What might have served as an advantage to us was the teamwork between me and my partner," said Mhlanganisi, whose Zulu name means "the unifier".

"We had a game plan for every debate, theme and topic."

According to Moses, who is also the Student Representative Council Vice-President on our main campus, their achievement has also seen an increase in the number of students who want to join the debating society.

"We hope to cultivate and grow a culture of critical thinking on our campus, especially regarding international issues," he said.

However, their ascension to the African throne was not a smooth one.

"We got a rude awakening when we lost our third debate in the tournament," said Mhlanganisi. "Other than that, we told ourselves that the championship was coming back to the UFS."

"Winning the championship has still not hit home. It is only now that I have started to acknowledge the magnitude of such an achievement. This is going to serve as a stepping stone for greater things."

Besides Moses and Mhlanganisi our university was also represented by another two-member team of Momelezi Mpemba and Siphe Ntsaluba that was knocked out in the quarter-finals.

The last member of the UFS delegation, Unarine Muthambi, made it through to the quarter-finals as an adjudicator.

Moses was also appointed to the board of the PAUDC, which is entrusted with promoting debate on the continent. The PAUDC is set to be the biggest debating tournament in Africa.

The team will now compete in the National Debating Championships to be held at Wits University during the June/July holidays.

"We are also hoping to go to the world championships in Turkey during the December holidays," said Moses. "Our university has never had a team in the world championships. We hope for a Good Samaritan to come to our aid and make this dream a reality for us." **- Mangaliso Radebe**

# Two students dive into history

The Department of Human Movement Science at our university recently made history by producing its first black international scuba divers.

Eddie Kholomonyane and Kefiloe Tlhacoane, who are both studying for a BA degree in Human Movement Science, have entered our university's history books as the first black students to be certified as international scuba divers.

"I feel as though I am like Martin Luther King Junior, because I have opened the doors for many other black students who wish to follow in my footsteps," said Eddie.

"For me to do scuba diving was not about making history, it just happened that history became part of it. For me it was about satisfying the need, desire and joy derived from scuba diving."

"It is a great achievement and it involves something I like doing – which is swimming," added Kefiloe.

So what does the future hold for these trailblazers?

They both want to do an advanced course in scuba diving and focus on completing their studies.

"After that I would like to enter both the sports and the marine world," said Eddie. "Since I was at primary school I have always had an interest in the marine world. I loved the fact that you could breathe under water but I did not know that it was something I would end up experiencing myself."

Kefiloe, on the other hand, is keen on joining the South African Navy as a diver after completing his studies.

"To qualify as an international scuba diver, one has to know how to swim," explained Eddie. "You first have to practise in the pool and then write a test to check if you know your equipment, signs, and so on. It is an eight-module test in which you have to get 65% for every module."

"After you have passed everything you then have to do five dives in the sea and if you pass all your dives you qualify as an international scuba diver."

According to Prof. Johan Bloemhoff, the Programme Director and Departmental Chairperson, an internationally qualified scuba diver is licensed to dive anywhere in the world.

"Kefiloe and Eddie passed the Open Water course with flying colours, qualifying them to dive to a recommended depth of 18 metres. It was a pleasure to train them," he said.

Eddie is from Kroonstad in the Free State, while Kefiloe comes from the Northern Cape city of Kimberley. **- Mangaliso Radebe**




**Kefiloe Tlhacoane, Prof. Johan Bloemhoff and Eddie Kholomonyane.**

# Marita loop die ekstra myl

Ons universiteit speel 'n betekenisvolle rol in sy betrokkenheid by die gemeenskap. Die voortdurende strewe na gehalte en uitnemendheid kom ook hier sterk na vore. Een van hierdie projekte waar ons personeel en studente 'n verskil maak, is die Emelia-sentrum vir aktiewe leer, 'n sorgsentrum vir multigestremde kinders wat in Batho geleë is.

"Ek het op 22 November 2005, as deel van die universiteit se samelewingsdiensprojek, by Emelia betrokke geraak," vertel Marita Coetzee, 'n dosent aan die Skool vir Verpleegkunde. Die sentrum, wat baie goeie leergeleenthede vir na-basiese studente in Psigiatriese Verpleegkunde bied, huisves 29 kinders wat deur hul ouers en ander vrywillige, onopgeleide vroue versorg word.

Marita is daarvoor verantwoordelik om hierdie groep merkwaardige vroue op te lei om met hierdie kinders te werk.

"Voordat die studente by Emelia geplaas word, word die versorgers opgelei, deels om hul dagtaak meer produktief te maak, maar ook om met die stimulering van die kinders te help. Nadat die studente die kinders geëvalueer het en 'n stimuleringsprogram opgestel het, is die vroue in staat om die proses voort te sit, sodat daar kontinuïteit in die stimulering van die kinders is," verduidelik Marita.

'n Kykie in Marita se dagboek, nog in die begindae van haar betrokkenheid by Emelia, openbaar dat ons universiteit se samelewingsprojekte daadwerklik 'n verskil in mense se lewens maak:

**9 Februarie 2006:** *Die eerste sessie met die versorgers. Die Fairview Selfhelpskaal, 'n evalueringskaal wat die gedragsouderdom van die kind bepaal, word verduidelik. Die versorgers vind dit leersaam en ons oefen dit saam sodat hulle gemaklik met die skaal voel om dit dan deur die week op hul eie met een van die kinders te kan doen. Hulle sien hoe belangrik dit is om te weet op watter vlak die kind funksioneer, sodat daar op sy vlak met hom gewerk en gekommunikeer kan word.*

**16 Februarie 2006:** *Die versorgers het 'n kind van hul eie groepie geëvalueer en ons het hulle vrae en onsekerhede bespreek. Dit was vir my lekker om hul entoesiasme te aanskou.*

**23 Februarie 2006:** *Die versorgers het navrae oor hoe 'n kind toiletgeskool kan word. Ek het 'n vorm saamgestel wat die kinders se toiletgedrag vir ten minste tien dae monitor, om dan daarna te begin toiletskool. Mari Prinsloo wat die na-basiese program in Gemeenskapsverpleegkunde aanbied, was saam om te sien of ons haar studente kan integreer om hulp en leiding aan die kinders se ouers te kan gee.*

**9 Maart 2006:** *Elke versorger het die kinders in haar sorg volgens die Fairview-skaal geëvalueer. 'n Opdrag is aan die versorgers gegee om een probleem van een kind te identifiseer en te kyk of hulle 'n plan kan opstel.*

**16 Maart 2006:** *Dit het nie so voor die wind gegaan met die opstel van 'n stimuleringsprogram nie. Wat hulle wel gedoen het, was om 'n lys op te stel van wat hulle vir elke kind sal wil leer. Die grootste behoefte is voedingsvaardighede en toiletskoling.*

Volgens 'n kollega, Desiré Smuts, doen Marita egter baie meer as haar deel met die personeel. Met 'n vol program van haar eie ontferm Marita haar nie net oor die welstand van hierdie groep vroue nie, maar betrek sy ook haar familie en ander mense in die gemeenskap by die projek. Ma Ans bid vir die vroue en sy skenk ook klere wat verkoop word. Anneri, Marita se dogter, tweedejaarstudent in Geologie aan ons universiteit, maak self 'n geldelike bydrae en motiveer haar vriende om dieselfde te doen.

Fondse om Emelia aan die gang te hou, skiet soms heeltemal te kort. Fondse wat gegenereer word, word gebruik om die vroue te help. Die geld is onder meer gebruik om vir Boitumelo, een van die versorgers wat met tuberkulose gediagnoseer is, se dokterskostes betaal. Van die geld word ook aangewend vir 'n vervoerfonds vir die vroue wat ver afstande werk toe loop.

"Die vroue het nie baie nie, maar bly steeds onder verskriklike moeilike omstandighede getrou. Dit het my geleer om dankbaar te wees vir dit wat ek het. My geloof en afhanklikheid in ons groot God het ook geweldig gegroei.

"Dit is nie net mense wat van hulself begin gee het nie. "Die Liewe Heer het betrokke geraak," sê Marita.

- "Ons veg om Emelia oop te hou. Sonder Emelia sal die ouers sukkel om hul kinders te versorg," sê Marita. Enige iemand wat 'n bydrae wil lewer, kan vir Marita by 0827806651 kontak.



FOTO & ARTIKEL: LEONIE BOLLEURS

Marieta en Puseletso by Dadda.

news





AANDMUZIK GUEST HOUSE

Aandmuzik offers 5 luxury en-suite double bedrooms, and two family rooms with private entrances overlooking the garden and swimming pool

Each room has a Microwave, Fridge (honesty bar), Air-conditioning, TV with DSTV.

A Traditional continental English Breakfast is served.

Secure undercover parking with electric gate and electric fencing




FACILITIES
Internet, Fax & Photocopy facilities
Playground for children
Tea & Coffee Facilities
Bar & lounge with fireplace
Lapa, braai area and swimming pool
Credit Card Facilities

Contact: Stella Theron – 082 447 90 53
18 Dreyer Street, Universitas
WALKING DISTANCE FROM UNIVERSITY
& VODACOM PARK

# Siek leierskap?

Deur Prof. André Wessels

Hoe gesond was of is sommige leiersfigure. In welke mate word leiers se optrede deur hul fisiese en psigiese gesondheid beïnvloed? En is dit dalk eerder 'n geval van hul optrede wat hul gesondheid benadeel?


1


2


3

FOTO'S: INTERNET-ARGIEWE

In die twintigste eeu se skurke-galery, staan veral drie diktators bo ander uit: Adolf Hitler (1889-1945), Josef Stalin (1878-1953) en Mao Tse-toeng/Zedong (1893-1976).

Die afgelope paar jaar het prof. Francois Retief, voormalige Rektor van ons universiteit, en tans 'n navorsingsgenoot by die Departement Engels en Klassieke Tale, en ekself, senior professor en voorsitter van die Departement Geskiedenis, die lewe, werk en siektegeskiedenis van hierdie drie diktators nagevors en ons navorsingsbevindinge in 'n aantal geakkrediteerde artikels gepubliseer.

Hitler het veral in die jare toe hy Duitse kanselier was (1933-1945) aan 'n toenemende aantal kwale gely. Daar is egter bevind dat sy optrede uit sy unieke persoonlikheidsamestelling en psigiese faktore voortgespruit het en dat sy optrede nie beduidend deur sy fisiese siektes beïnvloed is nie – en veral nie deur beweerde neurosifilis nie. Hy het klaarblyklik lewenslank aan 'n subkliniese angsneurose gely, wat daartoe aanleiding gegee het dat spanning en chroniese stres gemaklik fobies en ander simptome aangebring het.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die Sowjet-Unie (gelei deur Stalin) ongeveer 40 miljoen mense weens dié oorlog aan die dood afgestaan – maar in vredestyd was Stalin vir die dood van sowat 20 miljoen van sy landgenote verantwoordelik gewees. Hy was nie buitengewoon fisies siek nie, hoewel sy ongesonde lewenstyl sy fisiese gesondheid negatief beïnvloed het. Maar hy het 'n versteurde psige gehad, tipies van 'n psigopatiese persoonlikheid, en met kenmerke van sadisme, grootheidswaan en paranoia. Dit verklaar waarom hy sonder om te skroom, besluite geneem het wat soveel ellende vir sy eie mense veroorsaak het. En tog is daar vandag steeds mense wat hom as ideoloog en leier as 'n rolmodel voorhou!

Die feit dat Mao in vredestyd vir die dood van meer as 70 miljoen van sy eie Chinese mense verantwoordelik was (byvoorbeeld tydens die sogenoemde "Kulturele revolusie"), is genoeg rede dat 'n mens verkieslik uit sy pad moes gebly het – miskien ook omdat hy nooit gebad of sy tande geborsel het nie! (Darem af en toe geswem en sy mond met tee uitgespoel.) Met inagneming van sommige van sy gewoontes en die spanning waaronder hy 'n groot deel van sy lewe geleef het, het Mao egter besonder lank relatief gesond gebly. Sy siektes het dan ook inderdaad nie sy optrede beduidend beïnvloed nie, maar sy optrede en die gebeure om hom, het wel psigosomatiese simptome tot gevolg gehad.

Ons navorsing dui duidelik aan dat die mediese (insluitende psigiatriese) en historiese wetenskappe met groot vrug saam ingespan word om 'n bepaalde persoon se lewe en werk in beter perspektief te kan plaas en te begryp. Die bestudering van 'n belangrike historiese figuur se siektegeskiedenis voeg dus sonder twyfel waarde toe tot die begryp van die sogenaamde gewone geskiedenis. In dié opsig is die mediese wetenskappe tot hulp vir die historikus, maar aan die ander kant kan kennis van en begrip vir die sogenaamde gewone geskiedenis ook weer 'n bepaalde persoon se mediese geskiedenis (insluitende sielkundige, gemoeds- en psigiese toestand) beter verklaar en in perspektief plaas.

Hopelik sal meer studies in die toekoms onderneem word om die siektegeskiedenis van belangrike historiese figure te ontleed – insluitende die siektegeskiedenis van persone wat deur die jare heen 'n belangrike rol in die geskiedenis van Suid-Afrika gespeel het.

**1. Mao Tse-toeng/Zedong (1893-1976).**
**2. Adolf Hitler (1889-1945).**
**3. Josef Stalin (1878-1953).**

# Nuut, nuwer, tuis

Ons universiteit het onlangs twee geleenthede aangebied om nuwe personeel tuis te laat voel in ons midde. Die twee groepe, onderskeidelik steundienstepersoneel en akademiese personeel, is toegerus met die nodige inligting om te verseker dat hulle hul loopbaan aan ons universiteit suksesvol afskop. Steundienstepersoneel is toegerus met inligting oor onder meer finansies, welstand op die kampus, menslike hulpbronne en die UV-Sasolbiblioteek terwyl die akademiese oriënteringsprogram inligting oor onder meer leerstrategieë, navorsingsontwikkeling, diensleer en hoëronderwysstudies op hulle spyskaart gehad het. Een van ons nuwe kollegas het opgemerk dat die werkswinkel 'n uitstekende bekendstelling aan al die hulpbronne by ons universiteit was.

**Agter: Prof. Christoff Zietsman, Departement Engels en Klassieke Tale, prof. Niel Viljoen, Hoofdirekteur: Bedryf; voor: Jennie Masalla, Fisiese Hulpbronne, prof. Driekie Hay, Viserektor: Akademiese Beplanning, en Jenette van Wyk, Departement Gesondheidswetenskappe.**



# Sekstoerisme is werklikheid

Dr. Matilda de Beer van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, het onlangs 'n referaat gelewer oor volhoubare Toerisme in die Vrystaat en Noordkaap. Tydens haar navorsing op kulturele diversiteit in toerisme het sy weereens bewus geword van die grusame realiteit van sekstoerisme.

"'n Geweldige groei in toerisme word sedert 1960 in Suid-Afrika ervaar. Tans word daar in die Vrystaat grootliks op huisvesting gefokus met betrekking tot toerisme vir 2010, en wel in so 'n mate dat mens bekommerd kan raak oor ander uitdagings wat minder aandag geniet," aldus dr. Matilda.

'n Aspek wat aandag vra, veral met die oog op 2010, is sekstoerisme waarvoor die meeste mense verkies om die oë te sluit. Mensehandel is 'n realiteit wat Afrika-regerings dikwels ignoreer, en onderwysinstansies skugter is om aan te raak. Hierdie stilswye kan onder andere toegeskryf word aan 'n gebrek aan maatskaplike bewustheid. Baie mense sal jou vra wat is "mensehandel" of "neo-slawerny"? Begin mens te verduidelik, verkies mense om nie die grusame realiteit aan te hoor nie. Die gebrek aan kennis oor en belangstelling in mensehandel onderskryf die probleem dat kinderregte nie oral in die wêreld hoog aangeskryf word nie. Hierdie gevaarlike onbetrokkenheid, waaraan die media hul meestal ook skuldig maak, veroorsaak dat mensehandel eskaleer.

Hierdie volstruishouding kry mens ook by die Suid-Afrikaanse polisiediens aangesien sigbare misdaad soos roof en moord eerder die aandag geniet, daar 'n tekort aan mannekrag is en spesifieke wetgewing ten opsigte van mensehandel in Suid-Afrika nog in 'n ontwikkelingstadium is. Hierdie omstandighede dra daartoe by dat die skuldiges voortgaan met hul bedryf, ook in Bloemfontein waar 'n paar strate en areas in woonbuurte nou reeds geruime tyd deur hierdie bedrywighede gekenmerk word.

Net soos in Mauritius word kinders, wat gekoop/gesteel is, in Suid-Afrika gebruik om onder andere ryk Europese kliente te bedien. Dit is gewoonlik kinders (van albei geslagte) en vroue van arm lande wat die slagoffers van mensehandel vir prostitusie is.

Terwyl daar tans bespiegel word oor maatreëls ter voorkoming van mensehandel vir die sokker van 2010, is dit nou belangrik om die publiek bewus te maak van mensehandel en die realiteit daarvan.



**Dr. Matilda en die embleem van 'n "blou hart" wat bewusmaking van mensehandel wil bewerkstellig. Dit is deel van die United Nations Office on Drugs and Crime se Blue Heart Campaign.**


# Maak jy die beste gebruik van jou geld?

Om die regte besluit te neem, is nooit maklik nie – veral nie as dit jou finansiële toekoms raak nie. Met die portefeulje oplossings wat Sanlam se Topaz-reeks bied, kan ek jou help om te beplan vir 'n finansiële toekoms met groter sekerheid. Topaz se oplossings kan jou help met:

- Finansiële beplanning
- Persoonlike dekking
- Huislenings
- Voorsiening vir jou kinders se opvoeding
- Spaar en beleggings
- Aftreevoorsiening
- Testamente en trusts

As 'n Sanlam-adviseur spesialiseer ek in doelspesifieke oplossings wat dít wat jy wil hê, balanseer met dít wat jy regtig nodig het. Vir jou beteken dit een finansiële plan wat saamgestel is uit Topaz se reeks finansiële oplossings – met insette van kundiges op die gebied van korttermynversekering en belastingontleding waar nodig.

Kontak my gerus vandag om die balans te vind tussen dít wat jy wil hê en dít wat jy regtig nodig het. Ons dink vooruit. En jy?



**Ben Opperman**
Senior Onafhanklike Finansiële Beplanner
051 407 8156
082 457 2240
benoprmn@intekom.co.za

Sanlam
Ons dink vooruit

GELISENSIEERDE FINANSIËLE DIENSTEVERSKAFFER

Sanlam CI0061MS2829BPA


nuus

FOTO: HANNES PIETERSE








# UV steel die kollig

Die bestuur van ons universiteit het 'n goeie besluit geneem toe hulle die spreiligte op Shimlapark opgegradeer het, komplimenteer Mickey Gordon, Hoof: Strategiese Sport en Besigheidsontwikkeling, by KovsieSport.

> "Dit plaas ons nie net in die kollig in die wêreldsportarena nie, maar kommunikeer ook die boodskap dat ons sport hoog ag."

Van die eerste wedstryde wat onder hierdie nuut-opgegradeerde ligte gespeel is, is die Varsity Cup-wedstryde. Hierdie wedstryde is volgens die bekende François Pienaar, suksesvolle 1995 Rugby Wêreldbekerkaptein en Voorsitter van die Varsity Cup-raad van direkteure, die kweekhuis waar môre se Springbokke ontwikkel word.

Weens die kwaliteit van die lig kon hierdie wedstryde direk gebeeldsaai word. Die blootstelling wat ons gekry het, het geweldig baie vir sport aan ons universiteit beteken, sê Mickey.

Daar sal egter nie net rugby onder dié ligte gespeel word nie. Shimlapark sal ook nou voortaan die tuiste vir sokkerwedstryde wees," sê Mickey.

Te danke aan persone soos prof. Teuns Verschoor, Waarnemende Rektor, prof. Ezekiel Moraka, Viserektor: Studentesake, en prof. Niel Viljoen, Hoofdirekteur: Bedryf, vergelyk Kovsies se ligte met die bestes in die land. Die ligte, 1000 lux sterk, het 'n groot bydrae gelewer tot die opgradering van Shimlapark.

Dit is egter nie net die ligte alleen wat Shimlapark in 'n ander liga plaas nie, maar die korporatiewe identiteit wat deur UV-Bemarking aangebring is, komplementeer ook die veld. "Dit is merkwaardig hoeveel mense dit raakgesien het," sê Mickey. En om raakgesien te word; dit is wat ons vir Kovsies wil hê.

Daar word nou raakvat-rugby onder die opgegradeerde spreiligte op Shimlapark gespeel. **- Leonie Bolleurs**

## Maatskaplike program nou ook in Kimberley

'n Program in die opleiding van maatskaplike werk, soortgelyk aan die een wat by ons universiteit aangebied word, is onlangs ook nou in Kimberley begin. Daar is tans 23 studente vir die program geregistreer wat presies dieselfde leermateriaal, eksamens en keuringsvereistes as ons universiteit se program behels. Die program is begin nadat die Nasionale Instituut vir Hoër Onderwys (NIHE) ons universiteit genader het om die program in die Noord-Kaap aan te bied. Dit kom as gevolg van die geweldige tekort aan maatskaplike werkers in Suid-Afrika – na beraming ongeveer 16 000. Die tekort het daartoe gelei dat die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling miljoene rande vir beurse aan studente bewillig het. Die studente is dus almal van die Noord-Kaap en het beurse ontvang van die Noord-Kaapse Departement van Bevolkingsontwikkeling. Tans word die klasse deur kontrakpersoneel aangebied, maar die organiseerders hoop dat daar in die nabye toekoms vaste personeel aangestel kan word. Dr. Roelf Reyneke van ons Departement Maatskaplike Werk sê dat hulle hoop om deur middel van verdere onderhandelinge met die NIHE die gehalte van die program te verhoog en die nodige ondersteuningstelsels vir studente in plek kry. **- Mariné Jacobs**

## New value attached to conference bags

Our academics are not only committed to community service in their day to day lectures and research as the story shows. One day, during his visit to PANNAR's field trials, Prof. Sakkie Pretorius, Head of the Department of Plant Sciences, noticed children walking along the roadside carrying their school books in plastic bags. This observation sparked a creative bag-collection initiative …

Prof. Sakkie approached Dr Rikus Kloppers for assistance in collecting the conference bags that PANNAR and our university's researchers receive at conferences and meetings across the globe. By the start of the 2009 school year they had collected enough bags to donate one to each Grade 1 learner at Khulekani Primary School, which neighbours PANNAR's Redgates Research Farm.

PANNAR is a well-known international seed company with their head office in Greytown, KwaZulu-Natal.

Dr Kloppers and colleagues from Greytown Research paid the school a surprise visit and presented the class with the donation. The school principal Ms Nene afforded PANNAR the opportunity to talk to the class about the agricultural research that is being conducted on the neighbouring farm and about the importance of such research for food security in South Africa. "We also encouraged them to attend school every day and study hard so that in 12 years' time they may also attend a great academic institution like the University of the Free State," says Dr Kloppers.

Both our university and PANNAR believe that education is the responsibility of the entire community (including corporate citizens) and hope that these donations will enhance the learners' learning experiences and subsequent learning outcomes.



**Following a year-long collection drive our university and PANNAR donated bags to the Grade 1's at the Khulekani Primary School.**



Children at the Uitkoms School.



# Once upon a time …

For many of us reading is a gift that is cheap, that consoles, that distracts and that educates. But how many others, especially young minds, have experienced the value of books and reading?

Uitkoms School, a farm school for Sotho-speaking children, is a place where this treasure still has to be uncovered. The school accommodates 75 learners from Grade R to Grade 6. Most of these learners are orphans placed at the Bolokanang Youth Centre at the school, due to difficult social challenges.

Bolokanang is the only place called home where the children's full potential can be developed.

Even though there are so many needs facing the centre daily, the essential need to develope a love for books and reading is being addressed.

A network of angels consisting of dedicated social workers, loving child minders and loyal volunteers took the first steps to make this vision a reality. One such volunteer is one of our own lecturers at the Department of Communication Sciences, Mercia Coetzee. "I am mainly responsible for collecting books as a starting point to establish the library," says this qualified librarian.

Not only does Mercia share her knowledge and love for books with these children but she also gives them a bit of her own free time. "I am trying to do small things to keep them happy, because we have so much and they have so little."

Early development is of vital importance for the pre-school child, which can start by discovering the adventure of books; the same books that can keep these children company in silent conversation. Maybe then we will agree with a writer who declares, "A library is a hospital for the mind."

If you would like to donate a book to this project, contact Marita van Aswegen at 0764553919 or at 051 4334706. **- Tessa Ndlovu**

## Did you know …

Our university was one of the first universities in the country to adopt a comprehensive community service policy so that students can do community service as an integral part of their mainstream academic curriculum. Our university offers more service-learning modules than any other higher education institution in South Africa and has the highest number of students enrolled for these modules.

# 'Saam het ons die UV 'n beter plek gemaak'

"Nou is ek ook net weer 'n gewone mens. My ompad is verby."

So het prof. Frederick Fourie, voormalige rektor, sy afsluitingstoespraak geëindig tydens sy amptelike UV-afskeid. Dit het op 13 Februarie 2009 voor 'n uitgelese gehoor in die Odeion plaasgevind. Dit is bygewoon deur Raadslede, Senaatslede, lede van die UBD en Uitvoerende bestuur, SR-lede en personeel. Die Odeion-strykkwartet het met 'n prag-uitvoering luister aan 'n besonderse geleentheid verleen.

In wat hy as sy 'laaste toespraak' (of 'laaste lesing') beskryf het, het prof Fourie vertel hoe hy in bestuursposte beland het. "Ek het eintlik heel naïef en onbedoeld in 'n 12-jaar bestuursompad beland bloot omdat ek 'n beter omgewing vir die akademie wou help skep … om weer die moontlikheid van 'n akademiese loopbaan te herstel … om drome te herstel … Ek wou nooit bestuur nie, ek wou net voorstelle maak – in die Senaat en ander plekke – oor beter maniere om dinge te doen. Senior poste was die laaste ding in my kop.

"Toe ek weer sien, is ek dekaan. Dit was 'n belangrike tyd van leer, oor die vernuwing van 'n fakulteit. 'n Lekker kreatiewe tyd, nog lekker na aan die akademie. Nuwe dinge, soos 'n bestuurskool en nuwe programme.

"Skielik is ek viserektor – met die akademiese en finansiële draaistrategie as die groot berg wat ons eerste moes klim. En het ons nie geklim nie! Almal saam het vasgebyt deur moeilike tye en moeilike besluite. Daar was toe nie tyd vir nonsens en kleinlikheid en eie agendatjies nie. Ons moes oorleef! Saam, as 'n span, het ons die ding gedoen.

"En toe ek weer sien is ek waarnemende rektor en toe rektor! Toe word dit waarlik 'n lang ompad … met baie berge en brûe wat oorgesteek moet word. In dié tyd is fondamente, basiese raamwerke, kernbeginsels en kernplanne vasgelê, uitgewerk en geïmplementeer. Een vir een het ons die pilare van 'n goeie en robuuste universiteit versterk.

"My dank aan die UB en die UBD asook die Senaat. Saam het ons 'n paar dinge gedoen. Ons het van die UV 'n beter plek gemaak. 'n Voorbeeld hiervan is navorsingsuitsette sowel as die aantal akademici wat aktief met navorsing besig is wat met 50% toegeneem het. En die pragtige fisiese fasiliteite oral op die kampus.

"Saam het ons ook die fondamente gelê het vir 'n hoër vlak van gehalte. Baie van die mense aan ons universiteit het ingekoop in hierdie droom en hierdie verbintenis. Mag hierdie universiteit altyd leiers hê wat waarlik erns maak met gehalte. Dis al manier hoe ons kan saampraat met die bestes.

Sy ander passie was billikheid – doodgewone opregte billikheid in ons optrede teenoor mekaar, teenoor kollegas, maar ook teenoor studente. "Hoewel almal billikheid voorstaan, is dit hartseer hoe maklik dit vertrap word as ambisie, ego's en eie agendas – en ook chauvinisme – 'n rol begin speel. Ons moenie ophou om die pad van omgee, billikheid en menslikheid te loop nie. Mag hierdie universiteit altyd leiers hê wat waarlik erns maak met billikheid."

Oor transformasie het hy gesê: "… Ons moenie ophou om die pad van weldeurdagte verandering en die opregte aanvaarding van ander te loop nie, al is dit nog hoe lank. Ons moet eenvoudig 'n nuwe kampus skep, 'n plek waar almal tuis kan voel. Om te rem of vas te skop, is tog nie leierskap nie. Dit weerspieël eenvoudig 'n gebrek aan verbeelding en kreatiwiteit – en 'n gebrek aan gewilligheid om hier in Afrika hande te vat en 'n nuwe toekoms te skep. En vasskop om te wat? As 'n mens alles wil behou, kan jy alles verloor.

"Dit was 'n wonderlike voorreg om rektor te kon wees, om die oorgang te maak van kritikus na iemand wat die probleme moes takel en oplos. Maar nou is die ompad verby. Ek groet die kampus as rektor."



FOTO: STEPHEN COLLET

Prof. Frederick Fourie.





FOTO: HANNES PIETERSE



# Music makes their **world** go **round**

The Bochabela String Orchestra (BSO) is evidence of the successful pursuit of excellence and quality in community service learning at the University of the Free State. Black children from the township playing the violin – which has long been thought of as a white (or at least European) instrument – are being hailed nationally and internationally.

Peter Guy from the Department of Sports, Arts and Culture, who has worked with our Department of Music, was touched by the situation in townships where Aids and unemployment often determine life choices. He took children from the townships and brought music into their lives as he taught them to play the violin. That was ten years ago. Peter, a trained musician from Montana, USA, initiated the programme in 1998. Today the Mangaung Strings Programme (MSP) is the public face of the Bochabela String Orchestra, one of four orchestras, with musicians ranging from 12 to 21 years of age.

To date Peter and Elene Coetzer, also from the Department of Sports, Arts and Culture and lecturer at our Department of Music, have been instrumental in teaching more than 300 township children to play the violin – and the music hasn't stopped since. They introduced the violin to these children through teachers and volunteers from our university and the Free State Musicon. Third-year music students are involved in this initiative as part of their community service learning module. The programme is therefore not just about music, but it develops social skills in young people.

Learners attend their own schools in the morning and continue classes at our university and the Musicon in the afternoons. On Saturdays they play in one of the four orchestras. Volunteers and staff from the university and the Musicon go the extra mile as they transport the children across town to and from practice sessions.

The learners are excited about the possibilities open to them. One said: "I used to sit around on the street and do silly things. Now I have the violin. My life has changed – and it's changed it a lot." Another girl, aged 12, says: "The violin is my future. You can't play music if you don't practise. If you want to be a musician you need to be patient; that's what I've learnt."

Recently these Bloemfontein musicians had audiences in Belgium begging for more. The BSO had a full programme of local performances in Belgium after they were invited by the Violet organisation. "We were asked to play only African music, as the focus was on popular national or folk music," said Peter.

"We performed in front of audiences that know very little of African music and undoubtedly even less about the Free State. With known folk songs like *Suikerbossie, Tshaba Tshaba, Mnimo* and *My Sarie Marais*, Belgium audiences were not only mesmerised but the Violet youth orchestra got back more than their money's worth. What is so remarkable is that this orchestra, the peers of our BSO, took it upon themselves to raise money for the children of the MSP.


"Initially we did not have the resources to fund such a trip," Peter said.

"However, I realised that the people in Belgium were seriously interested in the children of Mangaung when they assured me they would raise the money in Belgium. Besides the Violet organisation, an organisation called Buskers for Bochabela also raised money by performing on street corners and subway stations. In the end 17 children with two chaperones, Elene and I, lived the opportunity of a lifetime. We also had a taste of a more modern group when a Belgian pop group Savana Station performed at a benefit concert for the BSO.

"While it was extremely exciting to travel and perform for audiences, our primary goal was to raise awareness of what is happening with the Mangaung String Programme in the Free State. The visit was a great success as the children not only had the opportunity to meet and play for children from another culture but we also cemented ties with friends who have never met us and yet have chosen to support us," Peter said.

This orchestra has surpassed all expectations. They had audiences at their feet, they tasted success, and they'll never look back as the songs they play reflect their desire for a better tomorrow... **- Leonie Bolleurs**









Adresplakker

## Rek, s(trek) en gooi

Maak sommer nou al 'n aantekening in jou dagboek vir 4 November om aan die pretstap van SHOSO se Welstandskomitee deel te neem. Sewe spanne in netbal, vier in toutrek en ses in vlugbal het mekaar onlangs in 'n sportmiddag op die netbalbane die stryd aangesê. Topbestuur se sekretaresses het naelskraap teen UV Bemarking se span in netbal gewen en Rekenaardienste het in toutrek en vlugbal oorheers. Waar was die ander manne? Wiskundige Statistiek spog met die trofee vir die beste gees. T-hemde, sonskerms en sap is uitgedeel en Medi-Clinic en Xerox het vir die pryse gesorg. Komaan, warm nou al op vir November! En om te dink: 'n hele middag van pret, spanbou, gees vang … en dit nogal met toestemming van die bestuur! **– Leatitia Pienaar**










FOTO: HANNES PIETERSE

# Bultjie Leapfrogging into the future

## Hi everybody!

During one of the most inspiring workshops on mentorship, our colleague Igno asked an interesting question, "If four frogs sit next to the water and one decides to jump, how many frogs will stay sitting next to the water?" My learned colleagues from Humanities started such an intensive debate on The natural habits and behaviour of the frog (Litoria caerulea) under changing circumstances and possible stress due to a role-model's behaviour and the effect on the social constructs in the order Anura in the class Amphibia – Phylum Chordata, that even Prof. Jo van As from Zoology and Entomology would have been impressed! Some said three would stay and some reckoned if one frog jumped, the rest would follow suit! But we were all wrong! Igno explained that the frog had not jumped yet. The frog had just made a decision to jump. There was no action at all. Fortunately we have some staff and students who do make decisions and then JUMP to action. (The long title of the discussion above was specially penned for Prof. Driekie Hay who, by reading that, must have reached for her keys to her recuperating den at Nieuw Bethesda!)

Let's look at our champion frogs! Students first. Tien studente by die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans het pragbeurse ontvang van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandstiek, die Goethe-instituut, DAAD en Sur-place-stipendium. Geluk, Lizanne Dippenaar, Esté Kemp, Lillian Strauss, Camille Ferreira, Carika le Roux, Anita van Vuuren, Susan Conradie, Elmarie Lubbe, Beate Gadinger en darem een haan onder die henne – George Wasserman. Dit laat my dink aan daai honde-advertensie: Hulle wen so lekker want hulle praat so lekker, of hoe, George? Die mense daar by Tale woeker sowaar. Ek hoor by Drama is daar so speel-speel R150 000 se voorgraadse beurse van die Nasionale Kunsteraad verkry en vele studente is gehelp met klasgeld.

So van speel-speel gepraat – wie sou kon dink prof. Schalk Louw en prof. Maitland Seaman sou sulke goeie akteurs uitmaak met die opening van die Darwin-herdenkingsjaar in die Wynand? Wat 'n grootse poging met die projek wat daar uit prof. Jo van As se gedagtes onstaan het! Seker toe hy daar langs die moerasse in die Noorde sit en navorsing doen het. Prof. Hennie van Coller was glo saam as hoofkok en wynpuris! Dis nou paddas wat spronge maak! Julle moet toegee, prof. Matie Hoffman sou darem maklik vir Einstein as dubbelganger kon instaan!

Bultjie se punt is dit – oor fakulteite heen begin die dinge te roer en mense begin saamtrek! Ek het so 'n vae voorgevoel die Darwin-jaar gaan uitstaan as een waarin daar ook pragtige begrip en wedersydse respek gaan kom oor die onnodige ongemaklikheid tussen gelowiges wat natuurwetenskaplikes so half deur die wenkbroue beloer! Die koerante is vol daarvan! Bultjie hoop die beswaardes kom woon hierdie pragtige geleenthede deur die jaar by en neem deel aan die gesonde debat. Dis waarvoor 'n universiteit daar is.

By this time we know who our new rector is. Prof. Jonathan Jansen, know that you will get the support of all staff and we wish you the very best for taking our dear Varsity into the future. If you jump, we will follow!

## Dostofrogsky

(Pseudonym for Bultjie when in a philosophical mood after reading Dostoyevsky)